**Offers van aanbidding aan die Here**

**Num 28:1-29:40**

**17 Oktober 2021**

1. Voorskrifte vir offers en feeste is verdere voorbereiding van die volk vir die beloofde land
2. Vroeër gedeeltes oor offers: Eks 23 - feeste, Lev 1-7 - offers, Lev 16 – groot versoendag
3. Inleiding (Num 28:1-2)
    a. Opdrag van die Here
    b. Fokus van offers is dat dit ‘n lieflike geur vir die Here moet wees
        i. Offers moet in gehoorsaamheid gebring word (1 Sam 15:22)
        ii. OT offers was skadubeeld van Jesus se eenmalige offer (Heb 10:1-10)
    c. Num 28-29 beskryf die minimum voorgeskrewe offers (Num 29:39)
4. Oorsig oor die offers en feeste (Num 28:3-29:38)
    a. Offers gerangskik volgens frekwensie (daagliks, weekliks, maandeliks, jaarliks)
    b. Diereoffers moes saam met graan- en drankoffers gebring word (vgl Num 15)

| **Offer/Fees** | **Datum** | **Diere-offers** |
|---|---|---|
| Daagliks | Daagliks | 2 lammers (oggend en aand) |
| Weeklikse sabbat | Elke sabbatdag | 2 lammers |
| Maandeliks | 1ste dag van elke maand | 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer |
| <u>Jaarliks:</u> | | |
| Pasga/Ongesuurde brood | 14de-21ste van 1ste maand | 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer (per dag) |
| Fees van die weke/Pinkster | 7 weke na pasga | 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer |
| Fees van die trompette | 1ste dag van 7de maand | 1 bul, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer |
| Groot Versoendag | 10de dag van 7de maand | 1 bul, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer |
| Loofhuttefees | 15de-22ste dag van 7de maand | Dag 1: 13 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 2: 12 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 3: 11 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 4: 10 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 5: 9 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 6: 8 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 7: 7 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer |
| | | Dag 8: 1 bul, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer |

    c. Offers was kumulatief; jaarliks is 113 bulle, 32 ramme en 1086 lammers geoffer
5. Nuwe Testamentiese perspektief
    a. Elke diereoffer wys na Jesus se offer (Joh 1:29)
    b. Sabbatsrus wys na rus in beloofde land, en ewige rus in hiernamaals (Heb 4:8-11)
    c. Pasga gedenk uittog uit Egipte, Jesus is op Paasfees gekruisig
    d. Fees van weke (Pinkster) vier insamel van graanoes aan begin van seisoen, Heilige Gees is op Pinkster uitgestort
    e. Groot versoendag was geleentheid tot verootmoediging voor die Here
    f. Loofhuttefees: insameling van hele oes aan einde van seisoen, gedenk bewaring in woestyn (was die grootste fees)
        i. Jesus is waarskynlik tydens Loofhuttefees gebore (1 Kron 24:7-19, Luk 1:5, 8, 26, Joh 1:14)
        ii. Kyk vooruit na wederkoms (vgl Rom 8, Op 6:10)
6. Riglyne vir ons aanbidding:
    a. Moet inhoud van feeste bevat
    b. Moet in gemeentes beoefen word
    c. Alhoewel daar vryheid in struktuur is, moet alle aspekte gereeld hanteer word
    d. Doelbewuste aanbidding is net so deel van offers bring as diens in God se koninkryk